# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Gebed om verligting van die Heilige Gees

**Skriflesing:**
Ef 1:15-22 (1983)

**Teksvers**:
Ef 1:17,18 (1983)

**Sing**:
Lied 190:1.2.3
Sk 12-3:1-1
Ps 40-1:4
Ps 134-1:4
Ps 107-1:1
Ps 122-1:1,2
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Paulus bid dat ons sal verstaan watter groot geestelike rykdom ons in Jesus Christus het. Daarom bid Paulus oor twee sake:

- Dat God wysheid sal gee aan alle christene.
- Dat hulle geestesoë geopen sal word.

As dit gebeur verstaan ons ook dat ons geroep is om God te dien.

Verstaan ons die noodsaak om te antwoord op die roeping?

Wil ons ook ons roeping uitleef omdat ons ook weet dat daar 'n heerlike erfenis vir ons wag?

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Die Heilige Drie-eenheid!

**Skriflesing:**
Joh 14:15-31;
Jes 63:7-16 (1983)

**Teksvers**:
Jph 14:25,26:
HB Sondag 8

**Sing**:
Ps 111-2:1-4
Sb 12-3:1-4
Ps 105-1:1,2
Sb 13-3

**Prediker**: Gerrit Kruger

**Kan ons die Drie-enige God verduidelik?**
**Indien wel, hoe kan ons Hom verduidelik?**
**Daar is al <u>baie pogings</u> deur gelowiges aangewend om God te probeer verduidelik.**
**Ons belydenis is egter wat die Woord aan ons leer.**
**<u>NGB art. 1</u>**:
**"Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en enkelvoudige geestelike Wese is wat ons God noem. Hy is *Ewig, Onbegryplik, Onsienlik, Onveranderlik, Oneindig, Almagtig, Volkome wys, Regverdig, Goed* en die *<u>Alleroorvloedigste</u> fontein*** van alles wat goed is."
**Hier bely ons dat God <u>Onbebryplik</u> is.**
**Kan ons God dan hoegenaamd verduidelik?**

- ◊ **Nee ons kan nie!**
- ◊ **Ons glo wat God in die Woord van Homself openbaar.**




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 48 Nr 22 18 Junie 2023**


## Die vrug van jou arbeid
## Ps 128

Ons helmelse Vader en sy Seun druk ons dit op die hart om God lief te hê met, onder andre, al ons kragte. Liefde vir God is dus nie net 'n gevoel in die hart of ''n vlugtige gedagte nie. Ons liefde vir God word ook gesien in die wyse waarop ons ons werk doen.

Die Here maak 'n belofte aan sy mense: Die vrug van jou arbeid sal jy geniet. Arbeid word nie gekwalifiseer nie. Dit wil sê. Die gelowige sal die vrug geniet van alles wat hy doen. Maar daar is 'n voorwaarde aan hierdie belofte. Die voorwaarde is opgeneem in die eis wat die Here stel: Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en sy wil doen.

Wie dus al sy werk binne en buite die huis - 'n groot taak of sommer net 'n stukkie sleurwerk - doen met die wete dat hy die Here daarmee dien, en hy doen dit soos die Here en nie vir mense nie, sal die vrug van sy arbeid geniet. Die mens wat sy arbeid sien as 'n gelowige antwoord op die Here se genade, wil sy werk so doen.

Gelowiges weet immers dat hulle werk alleen maar 'n antwoord kan wees op God se werk. Omdat God Hom in Christus oor ons ontferm het en barmhartigheid aan ons bewys het, wil ons dankie sê. Ons arbeid is deel van ons dankie sê en ons doen dit soos vir die Here, want Christus het sy Vader se wil uitgevoer toe Hy ons - die uitverkorenes - deur sy soendood gered het.

Ons aan wie die Heilige Gees die geloof gee, is die vrug van sy arbeid wat Hy geniet - ons loof en prys Hom en sy Vader.

*Geneem uit die Almanak 2013 (Ds CCA Vrey)*

## ALGEMENE INLIGTING

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

*Dien die Here met blydskap*

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Geen Volgende week: Geen

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Instituut vir Christelike onderwys

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

***Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur* ***bevestigende epos*** *aan admin@gkcenturion.co.za*

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417



## Steynsburg !!!

Baie dankie vir al die skenkings wat ons vir Hugs of Hope en Steynsburg ontvang het, **vandag is die laaste dag** om nog skenkings te bring. Merk dit asseblief duidelik vir Steynsburg of Hugs of Hope.

Die behoeftelys sluit in: wol, naaldwerkartikels, skryfbehoeftes (kan gebruiktes wees), toiletware, kombuisware, ou selfone of rekenaars, speelgoed en klere. Enige iets wat kinders nodig het, word gebruik. Niks word weggegooi nie, maar hergebruik of bruikbaar gemaak!

## GK Centurion Gemeentekamp

**Wanneer**: 22 - 25 September

**Waar**: Weesgerus Vakansieoord

**Tema**: ***Dien die Here met blydskap***

*Akkommodasie:*

Kampplek en chalets is beskikbaar

Skakel Fred Reynecke as jy wil betrokke wees by die beplanning of net wil help— 083 255 9900

**Sien julle daar!**

### EKSODUSTOER 2023

Ds Maarten neem weer 'n toergroep uit ons gemeente na Egipte en Israel. Hulle vertrek Vr. 23 Junie met 38 mense na Kaïro en volg dan die spore van Moses van ouds na, die beloofde land. Ons wens hulle 'n geseënde en verrykende reis toe.
(Volgende jaar se Turkeyetoer is reeds in beplanningsfase)

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**23-Julie**

| | |
|---|---|
| Hester vd Merwe | Blok B |
| Wilmarie Rheeders | Blok B |
| Simone du Plessis | Blok C |
| Elana Brits | Blok B |
| Cecilia Wolmarans | Blok B |
| Tia Grünenfelder | Blok C |
| Rika Pretorius | Blok B |
| Anita Snyman | Blok B |
| Mari Coetzee | Blok C |

## Jag vir die kerk.

Dankie vir die gemeentelede wat reeds 'n skenking gemaak het van wildsvleis vir die fondsinsameling.

Hou asb aan om die skenkings te laat inkom. As gevolg van die skenkings is daar nou wildvleis droëwors beskikbaar teen R200/kg. Betaal asb direk in die kerk se rekening in met spesifieke verwysing "Jag". Jy kan dan jou vleis Sondae na kerk optel.

Tref asb reelings met Lodi Olivier (0824438886) of Jan Nel (0823795935).

Lekker jag!

**Boekhouer en Belasting Konsultant.** Algemene boekhouding en finansiële state, kontantvloei en likwiditeitsontledings, inkomste belasting en BTW opgawes vir Besighede, Individue en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/hennievr.tax@gmail.com

**Kombuisontwerp**-, vervaardiging- en installasie van kombuis- en ingeboude kaste. Sertifisering van nuwe en bestaande gasinstallasies met sertifikaat. Algemene onderhoud, verf-, teëlwerk en kantooruitleg. Werner vd Walt 082 308 6238 werner@bwinteriors.co.za

Kan ek toesien tot die registrasie van u huis-oordrag? Die Agent het sy prokureur. Die Koper het sy prokureur. Stel u eie **oordragprokureur** aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig**? Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena Kruger 072 974 2728.

**Betroubare huishulp** Ma, Di, Do, werk al 10 jaar by my. Martie Vilas 071 683 0348/Maria Mthimunye 079 808 6614.

**Algehele herstelwerk** op huise en geboue, verf, plaveisel, waterdigting op huise, staalwerke, teëlwerk, skakel bestaande geyser om na sonpanele, LPGAS installasie met COC sertifikaat. Kontak Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Private Individual Piano Lessons for children**
Introduction to piano
Rhythym and notation
Reading from sheets
General music theory
Music games
Contact : 0723722279(WhatsApp)
happynoteslyttelton@gmail.com

## Senior Aksie

Die Senior Aksie kom DV weer op Maandag 19 Junie om 12:00 bymekaar in die kerksaal. Ons jaarlikse sop- en broodjiedag word met 'n glasie sjerrie gevier.

Dis altyd 'n gesellige kuierdag! Almal welkom!!

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 19:00

- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdag om 19:00 31 Mei
14 Junie

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.






# Verjaasdae

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18-Jun | Rita | Dijkstra | B07 | 27839682299 |
| | Nicoline | Jonker | B04 | 27832842974 |
| | Henk | Koch | C08 | 27823399588 |
| | Doreen | Reynecke | C12 | 27835014368 |
| 19-Jun | Petra | Heath | A06 | 27824073315 |
| 20-Jun | Dalena | Kruger | B01 | 27824108358 |
| | Hans | vd Merwe | C10 | 27824606498 |
| 21-Jun | Pierre | Struwig | C13 | 27826887495 |
| 22-Jun | Muriel | Gourley | A15 | 27761912357 |
| | Rykie | Heunes | E01 | 27825640922 |
| | Alwyn | Kotzé | A16 | 27837431858 |
| | Hendrik | Kotzé | C03 | 27827791671 |
| | Bennie | Viljoen | B15 | 27714746942 |
| 23-Jun | Francois | Pieters | C07 | 27798763033 |
| | Toy | vd Berg | C02 | 27839889235 |
| | Arina | vd Westhuizen | C15 | 27795125575 |
| | Christi | Venter | C06 | 27829401555 |
| 24-Jun | Ben | du Plessis | C01 | 27827841023 |
| | Hester | vd Merwe | B06 | 27713822573 |
| | Nicolene | van Dyk | B16 | 27839533934 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 18-Jun | Helanké | Bloemhof | A07 | 27763826939 |
| | Suné | Coetzer | B09 | 27725899448 |
| 19-Jun | Ilo | vd Walt | C15 | 27723052323 |
| 21-Jun | Novaleigh | Aucamp | A07 | 27731640713 |
| 24-Jun | Louis | Deist | B15 | 27724136860 |

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

# Ons gee om vir Mekaar

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

- Nicolene v Dyk is tuis na 'n prosedure (083 953 3934-B16)
- Willem Prinsloo sterk tuis aan by sy seun Herman (082 900 8495-C15)
- Bertie Stavast in Midstream ICU (082 785 5475-C09)

# Geluk

- Ettiene Grobler en Janine vd Westhuizen met hulle verlowing
- Geluk aan die volgende lidmate met hulle Belydenis van geloof:

  Dean vd Bergh en Dian v Niekerk
- Die volgende lidmate word opgeneem in die gemeente:

  Cecile Venter; Clarice Mosdell; Lilian Koekemoer;
  Johan en Helena du Plessis en 2 dooplidmate

**Inligting vanaf kerkraadstafel wat agterweë gebly het**

- Attestaat ontvang van Gert en Janette asook Dirk Kotze vanaf GK Middelburg (B09)
- Lilian Koekemoer opgeneem

**Diankens** wat ontslag ontvang het:
WD le Roux; Martie de Jonge; JT Reesink